Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 25

2 Augustus 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

PERSONEEL
Mev. Biggs van graad 1 het die week by ons klaar gemaak omdat sy haar voltyds op remediërende onderwys wil toespits. Ons wil haar alle voorspoed met die nuwe fase in haar lewe toewens. Ons het Mev. Corné Mostert, 'n baie ervare onderwyseres, in Mev. Biggs se plek aangestel en sy begin Maandag by ons werk. Ons het ook Mej. Suné Kapp as intern by die skool aangestel.

Ons hoop dat hulle werklik gelukkig by Laerskool Newtonpark sal wees.

GEDRAG LANGS DIE SPORTVELD
Al die skole in Gqeberha moes gisteraand 'n vergadering saam met die OP-skeidsregtervereniging bywoon. Ons moes ondernemings gee dat die skole, skeidsregters teen verbale en fisiese geweld gaan beskerm, of daar gaan nie skeidsregters beskikbaar wees, om wedstryde te hanteer nie.

Ek wil weer 'n vriendelike versoek aan alle ouers rig om te let hoe ons langs die sportveld optree. Geen skeidsregter sal doelbewus skelm wees nie en dat sommige nie so vaardig is nie, is ook waar. Ons kinders kyk hoe ons reageer en hulle begin dan ook later op skeidsregters skree wat totaal onaanvaarbaar is. Kom ons hou Laerskool Newtonpark se naam hoog deur nie aanmerkings op skeidsregters te skree nie.

BORGSKAP : SPANKLERE
As daar enigiemand is wat o/13 B-rugby- en netbalspanne se klere vir 2025 wil borg, kontak ons gerus by admin@lnpark.co.za

SKOOLDRAG NA SKOOL EN BY SPORT
Dit het onder my aandag gekom dat van ons leerlinge nie hul volle skooldrag na skool tydens sportgeleenthede dra nie. As jy enigsins skoolklere na skool dra, is die das en baadjie in die winter verpligtend. Ons versoek ons ouers vriendelik om seker te maak dat die leerlinge die reëls rakende skooldrag nakom.

9 AUGUSTUS – NASIONALE VROUEDAG
Vrydag, 9 Augustus is ‘n vakansiedag. Ons hoop dat die die ma’s, vrouedag sal geniet omdat al die pa’s hul braaivernuf ten toon stel. Geniet die langnaweek saam met u kinders.

GESINSKAMP 30 AUGUSTUS – 1 SEPTEMBER 2024
Ons is baie opgewonde oor die gesinskamp wat by Willows gaan plaasvind. ‘n Omsendbrief met al die besonderhede rakende die kamp is verlede week aan u deurgestuur. **Ons het nog net 12 staanplekke beskikbaar. Soos u dan inbetaal volgens die voorskrifte op die omsend-brief, kan u ‘n staanplek by Mev. Laas kom kies of stuur epos na haar by fin@lnpark.co.za**

LAATKOM VAN KINDERS
Ons doen ’n beroep op u as ouers om te sorg dat u kind(ers) betyds by die skool is. Die afgelope ruk was daar baie kinders laat vir skool. **Die skool begin stiptelik om 07:45.** As daar een belangrike lewensles vir kinders is om te leer, is dit om altyd betyds te wees vir afsprake.

Leerlinge wat soggens laat kom, plaas geweldige druk op akademiese vordering. Indien u kind in die toekoms meer as een keer laat is, sal ons ongelukkig op hul kommunikasiekaarte vir hulle inskrywings moet gee.

BELANGRIKE DOKUMENTE VIR BESTAANDE- EN NUWE OUERS
Alle nuusbriewe, buitemuurse roosters, kalender, klerewinkel se pryslyste/bestelvorm, aansoekvorms en nasorginligting word nou op ons skool se webwerf geplaas. Nuusbriewe word ook elke Vrydag op ons skool se facebook-blad geplaas. Volg hierdie skakels vir voorgenoemde:

Webwerf: www.laerskoolnewtonpark.co.za
Facebook-blad: www.facebook.com/LaerskoolNewtonpark

PLASING VAN HUISWERK
Soos u reeds weet, het ons skool wegbeweeg van die D6-toep. Huiswerk sal nou op die volgende **TWEE maniere** aan die ouers beskikbaar gestel word, sodat dit van beide u selfoon en rekenaar toeganklik is.

SELFOON - SMS: ‘n SMS met ‘n aanhangsel word Maandae aan ouers gestuur. Maak dus seker dat die skool u korrekte selfoonnommer het.

REKENAAR - Google Drive: Huiswerk vir alle grade sal aflaaibaar wees vanaf ‘n Google-Drive rekening. Volg hierdie skakel om toegang tot hierdie lêers te kry:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

Hierdie skakel bly deur die loop van die jaar dieselfde, so u kan weekliks hierdie skakel volg om die huiswerk te bekom.
Vir meer inligting rakende die gebruik van Google Drive en hoe om hierdie lêers te bekom, volg gerus die volgende skakel:
https://www.youtube.com/watch?v=4i4BP0vgK-c&ab_channel=Mr.Vacca

AFKNOUERY
Ons is bekommerd oor die voorkoms van afknouery wat tydens skoolure, pouses en buite klassituasies tussen leerlinge (seuns en meisies) plaasvind.

Ons het waargeneem dat LEERLINGE MEKAAR, VERAL fisies of verbaal afknou. Wat ook al die oorsake mag wees, dit bly ‘n onaanvaarbare vorm van gedrag en ons wil nie daaroor swyg of wegvlug nie.

Daarom wil ons graag die probleem aanspreek. Ons wil leerlinge wat ander teiken, sowel as die lydende partye, probeer help.

Om afkouery uit te roei, moet ons die volgende onmiddellike stappe volg:

- Gesels met u kind oor insidente wat plaasvind.
- Onthou: ‘n storie het altyd twee kante.
- Kry die ander leerling wat in die insident betrokke is, se naam.
- **Insidente moet binne 24 uur aangemeld word, sodat dit onmiddellike aandag kan geniet.**
- Indien ‘n insident herhaal word, rapporteer dit aan die klasopvoeder (minder ernstig) of skoolhoof (meer ernstig); verkieslik op skrif.
- Indien die insident weer voorkom en elke keer daarna, kontak die skoolhoof direk. Die skoolhoof sal dan moontlike wyses van hantering met u bespreek.

Afknouery kan en mag **nooit** deel van Newtonpark-leerlinge se opvoeding word nie. By voorbaat dankie dat u as ouers vir ons gaan help om van hierdie probleem ontslae te raak.

ONDERSTEUNERSHEMDE

Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir u Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas, dan doen ons bestellings.

FACEBOOK-BLAD: SKOOLKLERE

Die facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop. Maak gerus van die gerief gebruik as u van skoolklere wil ontslae raak wat te klein geword het vir u kinders.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebook-blad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2025: GRAAD 2 – 7

Op Dinsdag, 16 Julie 2024 is daar ‘n brief in verband met bogenoemde aan elke ouer gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R900 deposito (per kind) skool toe stuur of te EFT om sodoende te verseker dat u kind(ers) ’n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2024, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2025. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2024

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks <u>streng vooruitbetaalbaar</u>. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan <u>fin@lnpark.co.za</u> stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 5 Augustus : Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
NETHEIDSINSPEKSIE

Di – 6 Augustus : Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
TOETS : Wiskunde graad 4 – 7
Tennis: Senior A teen Sunridgepark **(w)**
Tennis: Senior B teen Collegiate **(w)**
Tennis: Senior C teen Sonop **(w)**
Tennis: Senior D teen Lorraine **(t)**
Kultuuraand

Wo – 7 Augustus : Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel : **12:00 tot 14:00**
Rugby : 0/9A teen Diaz **(t)**
Rugby : 0/11A teen Diaz **(t)**
Rugby : 0/11B teen Clarendonpark C **(t)**
Rugby : 0/13A teen Diaz **(t)**
Rugby : 0/13B teen Clarendonpark B **(t)**

Do – 8 Augustus : Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
TOETS : Afrikaans graad 4 en 7
TOETS : Engels graad 5 en 6
GEEN SPORT OF DIDAKTIES
Netbal : 0/9A en B teen Herbert Hurd **(t)**
Netbal : 0/10A en B teen Herbert Hurd **(t)**
Netbal : 0/11A en B teen Herbert Hurd **(t)**
Netbal : 0/12A en B teen Herbert Hurd **(w)**
Netbal : 0/13A en B teen Herbert Hurd **(w)**
Rugby : Verkenner 0/13-toernooi: uitdunne + prysuitdeling

Vr – 9 Augustus : **OPENBARE VAKANSIEDAG : VROUEDAG**

Sa – 10 Augustus : ***Juffrou Mandy Müller verjaar**

SPORT EN KULTUUR

VERKENNER BULLETJIES EN BLOMMETJIES : RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
27 Julie	0/7A	Verkenner	LNP wen 2 – 0
27 Julie	0/7A	Mount Pleasant	LNP verloor 1 – 2
27 Julie	0/7A	Cotswold	LNP wen 8 – 1
27 Julie	0/7B	Verkenner	Speel gelykop 0 – 0
27 Julie	0/7B	Cotswold A	LNP verloor 0 – 2
27 Julie	0/8A	Verkenner	LNP verloor 1 – 3
27 Julie	0/8A	Moregrove	LNP wen 5 – 0
27 Julie	0/8A	Môrewag	LNP wen 4 – 0
27 Julie	0/8B	Verkenner	LNP verloor 0 – 1
27 Julie	0/8B	Altona	LNP verloor 0 – 2

VERKENNER BULLETJIES EN BLOMMETJIES : NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
27 Julie	0/7	Westering	LNP wen 12 – 4
27 Julie	0/7	Mount Pleasant	LNP verloor 3 – 7
27 Julie	0/7	Verkenner	LNP speel gelykop 10 – 10

27 Julie	0/8	Charlo A	LNP verloor 1 – 7
27 Julie	0/8	Verkenner	LNP wen 8 – 0
27 Julie	0/8	Westering	LNP wen 10 – 2

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
31 Augustus	0/9A	Cotswold	LNP verloor 12 – 35
31 Augustus	0/11A	Grey 0/10A	LNP wen 12 – 5
31 Augustus	0/11B	Grey 0/10C	LNP verloor 0 – 50

RUGBY : VERKENNER 0/13-TOERNOOI

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
1 Augustus	0/13B	Verkenner	LNP verloor 5 – 14

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
29 Julie	0/8A	Setlaarspark	LNP wen 7 – 1
29 Julie	0/12A	Setlaarspark	LNP wen 17 – 7
29 Julie	0/13A	Setlaarspark	LNP wen 12 – 3
1 Augustus	0/9A	Setlaarspark	LNP wen 11 – 1
1 Augustus	0/10A	Setlaarspark	LNP wen 9 – 5
1 Augustus	0/11A	Setlaarspark	LNP wen 23 – 1

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
30 Julie	Senior A	Theodor Herzl B	LNP wen met 10 potte
30 Julie	Senior B	Clarendonpark	LNP speel gelykop met 14 potte elk
30 Julie	Senior C	Westering	LNP wen met 14 potte

SKAAK

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
26 Julie	Senior	Collegiate	LNP wen 4 – 3

SOKKER

Wian Floor (graad 4S) en Aaron Nortier (graad 5D) het verlede naweek weer aan sokkerliga-wedstryde in die “Knock-out Cup fixture” deelgeneem en die uitslae is as volg:

- 26 Julie : Callies Highlanders teen Old Grey Titans het 1 – 2 verloor.
- 28 Julie : Callies Highlanders teen Westbrook Wolves het 2 – 2 gelykop gespeel.

Die Callies Highlanders is steeds besig met “knock-out” wedstryde tot en met 18 Augustus waar die top 5 spanne gaan speel om deur te dring na die kwarteindrondte toe. Baie sterkte, manne!

SWEM

Mia Strydom in graad 7D was na die Nelson Mandela Bay Aquatics se jaarlikse prysuitdeling genooi en het die EPSA Johan Dreyer-trofee ontvang vir “Most improved novice swimmer 2024”. Hartlik geluk, Mia!

LAERSKOOL NEWTONPARK
BASAAR
6 SEPTEMBER 2024
SPELETJIES VANAF 13:00
KOSVERKOPE VANAF 14:00
BESTELLINGS EN BETALINGS KAN OP DIE KARRI-TOEP GESKIED. BESTELLINGS SLUIT MAANDAG, 2 SEPT 2024. 'N BEPERKTE AANTAL EKSTRA BASAARKOS SAL OP DIE DAG BESKIKBAAR WEES.
PANNEKOEK
BASAARKOS
TOMBOLA
TEETUIN
LEKKERS
POEDING

TOMBOLA
Hierdie jaar gaan ons groot!
Wat is 'n basaar sonder 'n tombolatafel?
Ons soek asb enige bydraes vir die tombolatafel.
Kyk asseblief in u huis of daar enige iets is wat u nie meer gebruik nie en wat 'n kinder -en ouerhart kan bly maak.
Dit is nou jul kans om van al jul 'wit olifante' en 'meskien' kry ek dit later nodig' items ontslae te raak.
Byvoorbeeld :
Ou speelgoed, skryfbehoeftes, kinderboeke, lekkergoed, teddies, juwele, ornamente, meubels, kunswerke, kombuisgoedere, bv. ongebruikde werkende toebehore, breekware, werkende toerusting, ens.
Stuur dit asseblief voor of op Maandag, 2 September 2024 skool toe.
Baie dankie vir u hulp!!
OOV